GELOOFSLOS

’N **EKERK** TENDENS VERSLAG

SAAMGESTEL DEUR **ROEDOLF BOTHA**

WWW.EKERK.ORG

eKERK

ONGELOOF DIE VINNIGSTE GROEIENDE ‘GELOOF’ IN SUID-AFRIKA?

Hier is ‘n raaisel: Wat het die Vereniging van Voorstedelike Afrikaanse Ateiste, Nuwe Hervormingsnetwerk, Renaissance Gemeente, Sentrum vir Eietydse Spiritualiteit, Atheist Movement of South Africa en die Free Society Institute in gemeen? Wel daar kan ten minste drie ooreenkomste uitgelig word:

Eerstens is al die verenigings Suid-Afrikaans in oorsprong.

Tweedens het nie een van die verenigings bestaan voor 2002 nie, en

derdens het almal te make met Suid-Afrikaners wat hulle tradisionele Christelike oortuigings verlaat het en hulle tot nuwe oortuigings gewend het soos ateïsme, agnostisisme of alternatiewe vorme van geloof.

In 2012 verskyn ‘n artikel in Rapport getiteld ‘*SA glo nog, dog heelwat minder*’. In die artikel word beweer dat praktiserende Christene in Suid Afrika vanaf 2005 met meer as ‘n kwart gedaal het. Verder het die amptelike syfers van die Suid-Afrikaanse Navorsingstigting (Saarf) in 2012 aangedui dat kerkbywoning in Suid-Afrika met 22% afgeneem het in ‘n relatief kort tydjie. Indien hierdie twee konklusies waar is, dan is ongeloof die vinnigste groeiende ‘godsdiens’ in Suid-Afrika’.

‘n Wêreldwye tendens.

Hierdie Suid-Afrikaanse syfers eggo egter bloot ‘n tendens wat wêreldwyd besig om veld te wen. Hierdie tendens van groeiende ongeloof het veral stemme gekry deur die skrywes van figure soos die baie bekende bioloog Richard Dawkins en die ander lede van die sogenaamde Nuwe Ateïste genaamd Sam Harris, Daniel Dennett, Michael Shermer, Dan Barker en Christopher Hitchens.

Die mees bekende publikasies uit hierdie stal is waarskynlik Dawkins se *The God Delusion* (2006), waarin hy beweer dat ‘n wetenskalike era aangebreek het en dat daar nie meer plek is vir bygelowigheid soos geloof in God nie. Die wetenskap verklaar nou alles, en God is nie meer nodig nie. Dieselfde trant word gevolg in Sam Harris se *The End of Faith: Religion, Terror and the future of Reason* (2006), maar in sy *The Moral Landscape* (2010) verklaar hy dapper dat God as morele Wetgewer geensins nodig is vir die bepaling van morele waardes nie. Mens kan morel wees sonder God dus: God is nie nodig nie.

In Christopher Hitchens se *God is not Great* (2007) beskuldig hy alle godsdienste as die oorsaak van oorloë, geweld en onderdrukking. Hoe gouer weggedoen kan word met godsdiens in geheel hoe beter, Aldus Hitchens. Indien jy ‘n leraar is en nie hierdie skrywers ken nie, kan ek jou verseker dat baie kerklidmate hulle wel ken, of ten minste hulle twyfelwekkende retoriek wat deesdae op baie se lippe is. Om die impak van publikaies soos hierdie gering te skat of af te maak as ‘n tydelike foefie, sou ‘n fout wees. Alhoewel die filosofie van hierdie boeke redelik swak is, is die retoriek uiters vernuftig en van so ‘n aard dat dit enorme impak het onder populêre lesers.

Dawkins se *The God Delusion* het twee miljoen kopieë verkoop binne ‘n paar jaar. Dawkins, Harris en Hitchens se boeke gesamentlik het ‘n 50% groei veroorsaak in boek verkope in die “Religion and Spirituality” afdeling in Brittanje. Volgens Amazon was daar ‘n skerp styging in verkope van Ateïstiese boeke sedert 2006. Hierdie publikasies handhaaf ‘n aggressiewe en fundamentalistiese soort van ongeloof wat ten doel het om geloof, en by name die Christelike geloof, te sien verdwyn in die niet.

Hierdie vloedgolf van anti-geloof denke het sy weg gevind tot in ons kerkbanke vandag en dit terwyl vele predikante nog elke Sondag rustig preek soos voorheen en salig onbewus is van die skuif in hulle mense se bewussyn. Geestelikheid neem natuurlik ook toe. Die dilemma is egter dat mense wat poog om ‘n geestelikheid behou nie meer die antwoorde soek by die kerk en die Christelike geloof nie, maar alternatiewe roetes bewandel. ‘n Soort spiritualiteit begin egter selfs posvat onder ateïste met titels soos *Atheist Spirituality – An Elegant Argument for Spirituality without God* (2008), deur André Comte-Spongville (2008), asook *Atheism 2.0* (2012) deur Allain de Botton. Die idee in hierdie publikasies is dat sekere geestelike praktyke – soos gereelde gesamentlike byeenkomste, die sing van liedere, luister na inspirerende toesprake en onderlinge gemeenskap – nuttig kan wees vir algemene menswees, selfs vir ateïste!

Nie slegs op die vlak van algehele ongeloof soos ateïsme nie, maar ook op teologiese en geestelike vlak het talle denkers soos John Spong, Nigel Leaves, Karen Armstrong, Don Cupitt, John Hick en Philip Kennedy ‘n agnostiese en panenteïtstiese spiritualiteit begin propageer. Toonaangewende publikasies hier is boeke soos biskop John Shelby Spong se *Why Christianity must Change or Die* (1998) en Nigel Leaves se *Religion under Attack - Getting Theology Right!* (2010). Beide hierdie boeke volg dieselfde trant, naamlik dat ortodokse Christelike geloof ‘n gedaanteverwisseling sal moet ondergaan indien dit wil oorleef in vandag se wêreld. Hierdie verandering is egter nie bloot kosmeties en kultureel van aard nie; die eis is dat sommige kern-oortuigings ook prysgegee moet word soos byvoorbeeld die persoonlike aard van God, die Goddelike karakter van Jesus en ook sy opstanding. Hierdie oortuigings moet plek maak vir nie-teïstiese idees soos panenteïsme, panteïsme, en ‘n “lae Christologie” (‘n bloot menslike Jesus).

Die Impak op Suid-Afrikaanse (On)Geloof.

Soos wat dit in die res van die wêreld gaan, so gaan dit uiteindelik ook in ons land. Ons leef in ‘n tyd van toenemende twyfel en skeptisisme ook onder Suid-Afrikaners. Alhoewel baie mense oor die afgelope jare die kerk verlaat terwyl hulle hulle geloof behou het, is die tendens vandag dat mense wat die kerk verlaat ook hulle geloof vaarwel roep. Dit het veral drasties toegeneem oor die laaste paar jaar.

‘n Paar spesifieke gebeurtenisse kon dalk ‘n bydrae hiertoe gemaak het. ‘n Paar voorbeelde mag dalk gepas wees. Op wetenskaplike terrein het boeke in Suid-Afrika begin verskyn soos George Claassen – ‘n Wetenskapsjoernalis – se *Geloof, Bygeloof en Ander Wensdenkery* (2008, Protea). Hierin speel hy geloof af teenoor die wetenskap. Hy noem geloof “gekose onkunde” wat direk in die pad staan van wetenskaplike kennis. Die tyd was nog nooit so ryp vir Afrikaanse ateïste en skeptici om hulle ongeloof en twyfel te bely nie. In ‘n publikasie geredigeer deur Frits Gaum en George Claassen - getiteld *God? Gesprekke oor die oorspring en uitende van alles* (2012) - maak verskeie ateïste hulle stemme dik soos onder andere Piet Craucamp, Dave Pepler, Hans Pietersen, Pienkes Du Plessis en Jurie van den Heever. Piet Craucamp, senior lector in Politieke Teorie aan die Universiteit van Johannesburg, reflekteer só oor geloof:

> *“Godediens is ‘n emosionele plasebo wat jou gewroegde siel paai deur die kanker van intellektuele verstikking te laat muteer in ‘n skyn-euforie… My weersin in godediens is te groot om ruimte te laat vir enige sporadiese behoefte daaraan. Soos kommunisme, apartheid en nasionalisme is godediens ‘n kollektiewe leuen.”*

Sulke openlike belydenisse van ongeloof sou twintig jaar gelede ondenkbaar gewees het in Afrikaanse Suid-Afrika.

Ook op teologiese en "spirituele" gebied is Suid-Afrikaanse lidmate gekonfronteer met hierdie sekularisasie. In 2002 het ‘n paar liberale Suid-Afrikaanse teoloë en denkers - onder inspirasie van John Dominic Crossan en die Amerikaanse Jesus-Seminar - die bekende Nuwe Hervorming gestig, waarna hulle ‘n publikasie die lig laat sien het met dieselfde titel. Hulle poging was - volgens wat Piet Muller in die inleiding skryf - om die Jesus van die Nuwe Testament se dekonstrueer en hom te stroop van enige “mitiese elemente” soos Jesus se wonderwerke of sy opstanding, en die “ware feite” oor Jesus aan die lig te bring. Die bekende Sakkie Spangenberg, teoloog in Ou Testament aan UNISA vertel in sy *Jesus van Nasaret*, hoe sy siening oor Jesus deur die jare verander het van kinderlike geloof na iets radikaal anders:

> *“My kennismaking met die wetenskaplike studie van die Bybel gedurende my studentejare op Stellenbosch, het hierdie perspektief agter geleidelik weggekalwe. My betrokkenheid by die onderrig van die vak Bybelkunde aan die destydse Randse Afrikaanse Universiteit en die vak Ou Testament aan UNISA, het die besef laat groei dat nie net die Bybel nie maar die ganse Christelike tradisie, menslike produkte is.”*

Met “menslike produkte” bedoel hy nie bloot dat mense ‘n rol gespeel het in die ontstaan van die Bybel nie maar dat die Bybel geensins deur God geïnspireer is nie; dat Jesus nie vir ons sondes gesterf het volgens God se plan nie, en dat die opstanding van Jesus histories onwaar is.

Intussen het Julian Müller sy Opstanding (2006) gekryf waarin hy ‘n metaforiese opstanding van Jesus voorstaan eerder as ‘n liggaamlik-historiese een. In 2011 publiseer hy sy *Om te mag Twyfel* (2011), waarin hy ‘n teïstiese Godsbeskouing vervang met ‘n panenteïstiese beskouing. Sedertien het allerhande alternatiewe sieninge oor God en Jesus gewild geraak. Webwerwe soos www.spiritualiteit.co.za we mel van Afrikaanse artikels oor- en deur mense wat ortodokse Christene was en nou 'n "progressiewe Christenskap" aangegryp het. Sommige artikels word bekroon met titels soos "Die religieuse toneel verander: die opkoms van 'Proggressiewe Christenskap", "Om in 'n panenteistiese God se glo", en nog meer. Hier word ortodokse geloof en wetenskap tot 'n groot mate teen mekaar afgespeel. Abel Pienaar skryf in sy boek *God se oë is Blou* (2014):

> *“Die voorlopige konklusie wat ek gemaak het, was dat God ‘n mensgemaakte idee is... Bevry van verse en skuldgevoelens wat my godsdienstradisie aan my opgelê het, het my soeke momentum gekry. Ek het besef dat niemand kan sê wie God is nie.”*

Nuwe spirituele weë word voorgestel in die naam van "denkendheid", grootendeels in reaksie teen die Christelike geloof en nie regtig deur nuwe beter wereldbeskouinge te bied nie. Hierdie tendense wat geensins nuut is nie, het gedurende die laaste paar jaar eksponensieël begin toeneem onder “gewone mense”. Baie beweer dat hulle steeds glo, maar dis ‘n agnostiese en soms inhoudlose geloof sonder ‘n opgestane Jesus. Al hierdie ontwikkeling het moontlik die plek voorberei vir ‘n pubilkasie deur vier-en-twintig “gewonde mense” (vyf was wel anonieme predikante en ook ‘n teoloog) wat elkeen hul verhaal meegedeel het van hoe hulle hulle ortodokse geloof uiteindelik prysgegee het. Die publikasie is getiteld *Hier Staan Ek*… (2011) en in die voorwoord word die volgende gesê:

> *“Oor die afgelope jaar het ons drie redaksielede opgemerk dat heelwat van ons vriende en kennisse, net soos ons, probleme ondervind, of ondervind het met kerke se boodskap en met die verstaan van die Bybel. Om watter redes ook al was hulle huiwerig om daaraan uiting te gee. Ons sal nie verbaas wees as daar meer van diesulkes is as wat algemeen vermoed word nie*.”

‘n Gemene deler tussen byna al die stories in die boek word opgesom deur die volgende woorde, ook uit die voorword:

> *“Nog iets wat jy meermale sal teëkom (*in die boek*) is dat mense bang is, of was, om twyfel uit te spreek of kritiese vrae te vra, bang omdat hulle veroordeling of verwerping of enige ander negatiewe reaksies vrees. Jy sal ook lees dat wanneer daar wel vrae gevra word, dat dit dikwels deur dié wat dit hoor, geïgnoreer word, ontwyk word, afgemaak word as ongeloof, of veroordelend ontvang word, selfs op die hoogste vlak. Hierdie ‘twyfelaars’, by gebrek aan ‘n beter word, kry met ander woorde nie antwoorde op hulle vrae nie, of hulle kry antwoorde op vrae wat hulle nie gevra het nie, om ‘n ou cliché te gebruik*.”

‘n Nuwe verskynsel wat ook sy kop begin uitsteek het is die van “closet”-ateïste en “closet”-agnostici wat Sondae in die kerk sit saam met hulle gesinne omdat hulle nie die boot wil skud nie. Hulle luister na die preke, sing die liedjies en skud die dominee se hand na die tyd, maar hulle glo nie meer in God se bestaan of in sy ingrype nie. Dis mense wat dikwels denkende- en intellektuele vrae het wat die kerk nooit beantwoord nie.

Wat is die oorsake van hierdie verskynsel?

Waar lê die probleem? Die oorsaak en oplossing vir hierdie verskynsel van groeiende ongeloof sal sekerlik nie simplisties of een-dimensioneel verklaar kan word nie. Daar behoort heelwat redes hiervoor te wees. Daar sou egter ‘n sterk saak uitgemaak kon word dat die probleem nie noodwendig by die evangelie en sy boodskap sit nie, maar op ‘n ander plek. Daar is vandag te veel insidente van intelligente mense wat die opgestane Christus vind na ‘n lang, intensiewe en deeglike intellektuele proses van ondersoek, refleksie en nadenke. Daar is talle Christen wetenskaplikes wat geen spanning sien tussen hulle eie wetenskapsbeoefening en hulle geloof nie. Die boodskap van Christus is vandag netso relevant soos altyd. Miskien moet ons as kerk eerder erken dat ons teologie en spiritualiteit net so oppervlakkig en onnadenkend geword het soos die res van die samelewing en dat ons ons mense vir jare lank so opgevoed het. Die geloof van lidmate met ‘n swak teologie is nie bestand teen die harde houe van die lewe, die aanslae van gelooflose filosofieë en sekulêre kulturele druk nie.

Wat kan die kerk doen?

Een voorstel tussen baie moontlikhede wat genoem kan word, is dat die kerk moet poog om weer in ‘n gimnasium te ontwikkel, ‘n plek waar ons die Heilige Gees toelaat om ons geestelike spiere te bou, en om ons te leer om intelligent te dink en passievol te leef. Die volgende gedagtes mag dalk help.

1.

Die kerk kan gerus weer leer om te *hóú* van kerklos- en gelooflos mense. Paulus sê vir Timoteus wat onder andere sy werk as geestelike leier behoort te wees wanneer hy beveel: “doen die werk van ‘n evangelis” (2 Tim 4:5). Kerkleiers moet vriendskappe kweek met mense soos hierdie en gereeld na hulle luister. Dit moet egter égte vriendskappe wees waar daar saam met gelooflos mense gebraai en geëet word. Baie geestelike leiers sien dit egter geensins as ‘n prioriteit nie. Almal wil vandag “missionaal” wees, maar niemand wil evangeliste wees nie. Evangeliste doen mos die “vuil werk” om soos Jesus te eet met mense wat hulleself nie met die kerk assossieer nie. Ons moet ook weer luister na tekste soos Matteus 11: 19, Lukas 5: 29-30 en 15:1-2, en ophou dat gemeentewerk ons isoleer van die res van die wêreld. Wanneer kerkmense bedreigd voel, trek hulle vinnig laer en kruip weg. Ons kan dit nie bekostig nie. Ons moet die laer breek. Jesus het geleef tussen tollenaars en sondaars. Ons moet in gesprek tree met die wêreld sonder om deur hulle geïntimideer te wees. Ons moet die Godgegewe vryheid aanleer om hulle onomwonde en vry lief te hê.

2.

Ons denke en teologie moet verdiep en ons moet ons mense leer hoe om te dink. Oppervlakkige en fundamentalistiese teologie help nie die kerk nie. Dis juis teologieë soos hierdie wat nie bestand is teen die aanvalle van Dawkins se aanhangers nie en verkrummel tot stof as hulle met diep lewensvrae gekonfronteer word.

John Lennox vertel van die kommerwekkende tendens dat professionele mense op hulle eie veld van kennis uiters intellektueel kan verkeer, maar maar wanneer hulle by die kerk se deur instap, moet hulle hul vlak van intellektuele denke laat sak en tevrede wees met 'n wêreld-vreemde en Bybelvreemde naïwiteit. Dis asof die kerk van vandag ly aan intellektuele bankrotskap. Professionele mense wat in die week intellektueel omgaan met hulle veld van kennis, het tevrede geraak met 'n flou geloof wat enigeen aan die slaap sus. Gevolglik kom baie moedelose lidmate tot die konklusie dat hulle geloof maar ietwat dom is en dan nie werklik enige redelike of historiese onderbou het nie. Gevolglik wend hulle hulle tot nuwe geestelike of rasionele weivelde. Baie van die anti-geloof publikasies, soos hierbo genoem, moet gelees en goed deurdink word. Daar moet gewórstel word met ongeloof vanuit ‘n empatiese begrip vir waarom daardie ongeloof bestaan. Ons moet ons lidmate help om te leef op die grense tussen geloof en ongeloof. Ons moet omgewings skep waar hulle toegelaat kan word om die mees ongemaklike vrae te vra sonder vrees vir veroordeling of uitsluiting. Gemeentes moet ‘n plek raak waar mense werklik met sulke vrae kan worstel. Ons moet mense help om die *hoekom* vrae te vra en dit te bedink. *Waarom* glo ons dat die opgestane Jesus ‘n beter wêreld bied as ‘n Jesus wat nog in die graf is? Wat bied ‘n opgestane Christus wat denkstrome soos Agnostisisme, Buddhisme of Islam nie bied nie?

Wat bied die gekruisigde Jesus ‘n lydende wêreld wat geen ander geloof bied nie? *Waarom* glo ons wat ons glo? *Waarom* is ons Christene en nie Hindoes nie? *Hoe* pas die Christelike verhaal in die res van die menslike geskiedenis in? Hierdie fokus op denke beteken egter allermins ‘n afskeep van ervaring en belewenis. Inteendeel, ons moet streef na 'n holistiese spiritualiteit wat omgewings skep waar mense diep kan leer dink, hard kan lag en intens kan voel.

3.

Kerkleiers moet hulle lidmate lei om baie meer kultuurblootstelling hê. Ongesonde dualistiese spiritualiteit en taal soos “ons-hulle”, “kerk-wêreld”, moet die stryd aangesê word deur middel van gesonde Bybelse teologie. Dieper denke aangaande die samelewing en kultuur moet lei tot kultuurvriendelike denke en taal wat sin maak vir kerkmense sowel as buitestaanders. Dalk kan ons kulturele aktiwiteite soos fliek of die lees van ‘n sekulêre blitsverkoper ook sien as geestelik opbouend net soos Bybel lees of bid. So kan ons leer om beter te verstaan en 'n beter brug te bou tussen die evangelie en die kultuur. Dit kan ons help om ‘n nuwe taal aan te leer, ‘n manier van praat oor Jesus en die koninkryk maar ‘n taal wat nie vreemd is aan die *lewenskonteks* van mense nie. Die kerk het deur die jare 'n taal aangeleer wat eerder mure bou as brûe. Kerke het ‘n “Christenees” aangeleer wat maak dat buitestaanders ons nie meer verstaan nie. “Christenees” maak dat mense die indruk kry dat die kerk uit voeling is met die werklikheid en dat ons boodskap irrelevant, uitgedien en oudmodies is. Die regte soort van taal is nodig om ‘n brug te bou tussen die Bybel en die werklikheid van ons mense. ‘n Kultuurvriendelike taal waarmee ons gelowiges opbou, kan ook dien as ‘n missionale boodskap na die wêreld waardeur ons kan illustreer dat ons geloof sin maak en relevant is op alle lewensvlakke.

‘n Laaste paar woorde.

Van Jesus is gesê dat Hy ‘n vriend was van tollenaars en sondaars. Dit was die skinderstorie wat oor Hom versprei is. Dit is hoe mense Hom gesien het. Tog weet ons dat Hy heilig was en ook sondeloos. Deur te meng met sondaars het Hy egter in die kerkmense se oë gesondig. Dalk sal die kerk beter vaar as hy kan leer om soos Jesus te “sondig”.

Ekerk Navorsing wil leiers en organisasies help om versigtig te luister, vinnig te leer en voluit te leef.

Navorsing | Elke verslag bestaan uit verskeie komponente, wat alles hieronder afgelaai kan word. Die inhoud is beskikbaar om vryelik gebruik te word in bedienings en opleiding. Die materiaal word onder 'n Creative Commons lisensie gepubliseer, wat beteken dat dit nie verander of vir kommersiële gewin aangewend mag word nie.

Tendense | Iets wat die wêreld aan die gons het, en wat ons kan help om 'n groter impak op die koninkryk van God te kan maak. Jy kan hierdie verslae gratis aflaai, en dit gebruik net waar en hoe jy wil. Maak ook seker om aan ons nuutste opname deel te neem, of om ekerk sprekers te nooi om van ons navorsing te kom aanbied in seminaar vorm.

Kopiereg 2015 **Ekerk Vereniging**.

Alle regte voorbehou.

info@ekerk.org
www.ekerk.org

facebook.com/ekerk
twitter.com/ekerk